DEEL EEN

ALGEMENE AGTERGROND, BELANGRIKE REGSASPEKTE, FINANSIËLE REËLINGS EN LIASSEERFASILITEITE

1. INLEIDING

1.1 Afkortings

AIB	-	Adjunk-inligtingsbeampte (van inrigting)
IB	-	Inligtingsbeampte (van inrigting)
SG	-	Superintendent-Generaal: Onderwys (Onderwyshoof)
SVB	-	Senior Versoekbeampte (van inrigting)
T/O(SG)	-	Tersaaklike Owerheid (Onderwyshoof)
VB	-	Versoekbeampte (van inrigting)

1.2 Agtergrond

Die **Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting,** 2000 (Wet 2 van 2000 - hierna "die Wet" genoem) vind sy oorsprong in die **Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika,** 1996 (Wet 108 van 1996 - hierna "die Grondwet" genoem).

1.3 In werkingtreding van die Wet

1.3.1 Die Wet het op **9 Maart 2001** in werking getree en is in Staatskoerant 20852 van 3 Februarie 2000 gepubliseer. [Let asseblief daarop dat artikels 10,14,16 en 51 van die Wet eers op Vrydag 15 Februarie 2002 in werking getree het.]

1.3.2 Regulasies met betrekking tot tariewe, wat ingevolge artikel 92 van die Wet deur die Minister van Justisie en Konstitusionele Ontwikkeling uitgevaardig is, het op dieselfde datum as die Wet van krag geword (Staatskoerant 22125 van 9 Maart 2001).

18. AANKOOP VAN DIE WET

Dit is noodsaaklik dat ten minste elke SVB en VB van ‘n betrokke inrigting in besit is van die Wet en die Regulasies. Inrigtings kan dit van die Staatsdrukkery by die onderstaande adres en telefoonnommer bestel/aankoop:

Staatsdrukkery
Pleinstraat 90
KAAPSTAD
8001
Telefoon: (021) 465 - 7531

EINDE VAN DEEL EEN